

KONINKRYK. SUPPLEMENT 13

[DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE] CHRISTUS IS DIE DOEL EN DIE EINDE VAN DIE WET

Romeine 10:4 sê, “Christus is tog die einde (Grieks: telos) van die wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek kan word.” Die Griekse woord “telos” kan sowel “doel” as “einde” beteken. Ook die woord “wet” kan verwys na die hele Ou-Testamentiese openbaring of na God se wetlike vereistes soos dit uitgebreid uitgelê word deur die Joodse geleerdes. Dus kan Romeine 10:4 op twee maniere uitgelê word. Beide vertalings is moontlik in die konteks van Romeine hoofstuk 10. In Romeine 10:5 is die vertaling: “Jesus Christus is die einde van die wet” die beste.

A. (Een moontlike vertaling:) Christus is die doel (betekenis, substansie, vervulling) van die wet soos God dit definieer.

Die eerste moontlike vertaling van Romeine 10:4: “Christus is die doel (betekenis, substansie) van die wet in die sin van die Ou-Testamentiese openbaring sodat elkeen wat in Christus glo, vrygespreek (geregverdig) kan word.” Die woord “telos” beteken “doel” en die woord “wet” verwys na die Ou-Testamentiese openbaring ingeslote die morele, seremoniële en burgerlike wette. Romeine 10:4 kan dus verstaan word as: Jesus Christus is die einddoel (vervulling van die bedoeling) van die Ou-Testamentiese Geskrifte, sodat daar geregtigheid (verlossing) mag wees vir elke mens wat glo.

1. Jesus Christus het die Wet vervul soos dit geopenbaar en gedefinieer is deur God.

In Matteus 5:17 sê Jesus Christus, “Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet en die Profete te ontbind nie; Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.”(OAV)

Jesus Christus was nie ’n prediker van nuwigheide wat in stryd was met die openbaring in die Oude Testament nie. Hy het geleer dat die Ou-Testamentiese openbaring (die Wet en die Profete) ’n voorbereiding was op sy eerste koms en daarom nog nie volledig of voltooid was nie. Jesus Christus het gekom om die Ou-Testamentiese openbaring te voltooi of te vervul!

Paulus bewys dat die Nuwe-Testamentiese openbaring aangaande die regverdiging deur die geloof nie in stryd was met die Ou-Testamentiese openbaring nie. Ook die Ou-Testamentiese openbaring het geleer dat die regverdiging nie deur die werke van die Wet, maar deur die geloof die weg tot die ewige lewe (die redding, verlossing) is (sien Romeine 3:21; 4:7-8; 9:11-12; 10:9-13; 11:20,23; Galasiërs 3:6-22). Dus, “die evangelie” is al verkondig gedurende die Ou-Testamentiese periode (Romeine 3:21-22; Galasiërs 3:6-8; Hebreërs 4:2)!

Vanaf die terugkeer van die Babiloniese ballingskap (538 v.C.) het die Joodse godsdienstige leiers en leraars begin om die Ou-Testamentiese WET te beskou as ’n middel om die regverdiging in God se oë te verdien en het hulle geleer dat die regverdiging deur die werke van die wet kom. Alleen mense wat die wet besit het en hulle daaraan gehou het, sou geregverdig (verlos, gered) word!

Jesus Christus het egter gekom om die oorspronklike bedoeling van die Ou-Testamentiese openbaring (naamlik: geregtigheid deur die geloof) te herstel en om die Ou-Testamentiese openbaring te voltooi sodat die regverdiging deur die geloof ’n werklikheid (’n werklike ervaring) mag word vir alle mense wat in Hom glo.

Jesus Christus het gesê dat Hy die openbaring van die Ou Testament (die Wet en die Profete) vervul en voltooi het (Matteus 5:17; Efesiërs 2:15; Kolossense 2:14) in die sin van: “Jesus Christus is die volmaakte werklikheid van dit wat die skaduwees (tipes) in die Ou-Testamentiese wetboeke voorafgeskadu (vooraf getipeer) het (Kolossense 2:16-17; Hebreërs 10:1) en van dit wat die profesieë in die Ou-Testamentiese profetiese boeke voorspel het (Lukas 18:31; 24:25-27,44)”.

Die doel en bedoeling van die Ou-Testamentiese wet was om te dui op die eerste koms van Jesus Christus en sy verlossingswerk as Profeet, Priester en Koning en om mense voor te berei op sy eerste koms. Mense is voorberei dat die nuwe lewe bestaan uit die volgende: om God deur jou geloof lief te hê met jou hele wese en om jou naaste lief te hê soos jouself (Deuteronomium 6:5; Leviticus 19:18; Matteus 22:37-39). Jesus Christus self is die uiteindelijke betekenis en die essensiële inhoud van die hele Ou-Testamentiese openbaring. Alleen Jesus Christus vervul volledig en volmaak elke onderdeel van die Ou-Testamentiese openbaring!

(1) Jesus Christus alleen het die regverdige vereistes van God se wet vervul.

Deur sy lewe, dood en opstanding het Jesus Christus God se absolute vereiste vervul, naamlik dat mense die volmaakte heilige en regverdige staat (wetlike posisie) voor God moet besit, as kinders van God volmaak heilig en regverdig moet lewe op die aarde en dat alle sondes volledig geoordeel en gestraf moet wees (d.w.s. dat volledige versoening vir alle sondes gedoen is). Alleen Jesus Christus het God se vereiste geregtigheid (m.b.t. posisie), heiligheid (m.b.t. lewe) en verlossing van die straf vir mense wat in Hom glo, verwerf (1 Korintiërs 1:30). Alleen Hy garandeer so hul ewige verlossing (Hebreërs 5:8-9).

(2) Jesus Christus alleen het die morele wet vervul.

Hy het die volmaakte juiste betekenis van die morele wet (die Tien Gebooië) uitgelê en het dit ook volmaak uitgeleef (Matteus 5:17-48; Markus 12:28-31).

(3) Jesus Christus alleen het die seremoniële wet vervul.

Die seremoniële wet het uit allerlei “verordeninge aangaande die menslike liggaam” bestaan (Grieks: dikaiomata sarkos) (wassings, rein voedsel) wat opgelê was tot op die *bestemde tyd van die nuwe orde* (Grieks: kairos diorthosis) (Hebreërs 9:10). Die seremoniële wet het bestaan uit wette aangaande heilige mense (priesters), heilige plekke (tabernakel, tempel), heilige tye (Sabbatte, feeste en vasdae) en heilige handeling (besnydenis, wassings, rein voedsel, offerandes, eersgeborenes, eerste deel van die oes en die tiendes).

Al hierdie Ou-Testamentiese tipes of skaduwees het vooruit na die nuwe orde gewys, naamlik, die werklikheid van Jesus Christus en sy verlossingswerk gedurende die Nuwe-Testamentiese periode (Kolossense 2:17; Hebreërs 8:5; 9:10; 10:1).

- Deur sy dood aan die kruis het Jesus Christus die tipe van “die lam sonder gebrek” wat as soenoffer geslag is, vervul (Eksodus 12:4-5; Jesaja 53:7; Johannes 1:29; Romeine 3:25; Hebreërs 7:26-27). Daarmee het Hy alle (diere) offerandes beëindig (Hebreërs 10:8-10).
- Deur sy dood en opstanding het Jesus Christus die Ou-Testamentiese tipe van *die tempelgebou* vervul: Hy het dit afgebreek (Matteus 27:51) en het dit met die Nuwe-Testamentiese Liggaam van Christus vervang (Johannes 2:19-21).
- Deur sy opstanding uit die dood het Hy die erflike en georganiseerde priesterskap verander (Hebreërs 7:12) en is Hy die Enigste onsterflike, permanente en volmaakte Hoëpriester (Hebreërs 7:16-28).
- Deur die geestelike besnydenis van die hart deur sy Heilige Gees het Hy die liggaamlike besnydenis afgeskaf (Romeine 2:28-29; Kolossense 2:11-12).

Die volk van Israel het die seremoniële wet (die skaduwees) aanvaar en gedurende die Ou-Testamentiese periode probeer gehoorsaam. Jesus Christus is onder die wet gebore (aan die wet onderworpe) (Galasiërs 4:4) en was die Enigste wat die wet 100% gehoorsaam het, omdat Hy die skaduwees en profesieë vervul het en daarvolgens geleef het.

Maar toe Jesus Christus die wet *vervul* het (Matteus 5:17), het Hy daarmee die wet ook *opgehef* (Kolossense 2:14) en *afgeskaf* (Efesiërs 2:15). Na die eerste koms van Jesus Christus mag die seremoniële wette nooit weer in die Nuwe-Testamentiese Gemeente geïntroduseer word nie! Die seremoniële wet in die Ou Testament het vooruit gewys na die werklikheid, naamlik Jesus Christus en dit mag hierdie werklikheid in die Nuwe Testament nooit vervang nie! Elke godsdiens wat nog probeer om die WET te handhaaf as ’n *middel* om geregtigheid in God se oë te verwerf, is vervloek (Galasiërs 3:10-14; sien 1:6-9)!

(4) Jesus Christus alleen het die burgerlike wet vervul.

Die burgerlike wet van die volkstaat van Israel het bestaan uit wette met betrekking tot die koning, die regter en belastings, oorloë en krygsgevangenes, besittings en kompensasie wette, huwelikswette en wette teen allerlei seksuele oortredings, ens.

Jesus Christus alleen het die burgerlike wette *vervolmaak en vervang* deur die koninkryk van God (Matteus 4:17; 12:28-30) saam met die kultuur van die koninkryk van God (Matteus hoofstukke 5 tot 7, 13, 18 en 23 tot 25) in alle volke van die wêreld te vestig (Matteus 24:14).

Konklusie. Die volk van Israel en haar burgerlike wette was alleen ’n middel vir God se openbaring, maar nie die uiteindelijke doel van God se openbaring nie. “Die saligheid is uit die Jode” beteken dat die doel van die volk van Israel was om die Verlosser voort te bring (Jesaja 49:3; Romeine 1:16; 3:2; 9:4-5; 15:8-9; Handeling 13:23,39). Vanaf die begin was God van plan dat die middel vir sy openbaring (naamlik: die volk van Israel) ruimte moes maak vir die doel van sy openbaring (naamlik, Jesus Christus) (sien Genesis 3:15; 22:17-18)!

Vóór die eerste koms van Jesus Christus woon God in ’n tempelgebou in Jerusalem onder sy volk Israel (sien Johannes 2:19-21). By die eerste koms van Jesus Christus het Israel as die volk van God en die seremoniële en burgerlike wette hul finale doel bereik. “Die geheimenis” wat in die Nuwe Testament geopenbaar is, is (dat God nie langer in ’n tempelgebou onder Israel woon nie, maar) dat Jesus Christus in Christene uit alle volke kom woon het (Kolossense 1:27). Hierdie Christene kom vanuit die natuurlike volk van Israel en vanuit die natuurlike heidense volke en saam is hulle *op volkome gelyke voet* “die volk van God” (Efesiërs 3:2-6) deur Jesus Christus wat deur sy Gees in hulle kom woon het!

2. Jesus Christus het die Profete vervul.

Alle profesieë in die Ou Testament aangaande die koms, die kruisiging, die opstanding, die hemelvaart en die troonsbestyging van die Messias (Christus, die Gesalfde), asook die funksies van die Messias as die Grootste Koning, die Hoogste Priester en die Magtigste Koning, het ’n werklikheid geword in die Nuwe Testament.

- Gedurende die Ou-Testamentiese periode is mense *alleen geregverdig deur geloof in die Messias (Christus) wat nog moes kom* (Genesis 12:3; 15:6; 22:18; Galasiërs 3:16).

- Maar gedurende die Nuwe-Testamentiese periode word mense *alleen geregtig deur geloof in Jesus Christus wat al gekom het* (Romeine 3:28)!

(1) Jesus Christus is die Grootste Profeet.

Dit was niemand minder as die Gees van Jesus Christus wat die profesieë in en deur die Ou-Testamentiese profete voorspel en verkondig het (1 Petrus 1:10-12; sien 2 Petrus 1:20-21; 2 Timoteus 3:16)! Dit was ook niemand minder as Jesus Christus wat hierdie profesieë in die Ou-Testamentiese geskiedenis vervul het nie (Matteus 5:17)! Byvoorbeeld, Jesus Christus het die profesie vervul dat Hy “God met ons” is (Jesaja 7:14; Matteus 1:23), dat Hy die menslike natuur deur sy geboorte in Bethlehem aangeneem het (Miga 5:2; Lukas 2:1-7), dat Hy gekruisig is (Psalm 22:1,16,18; Lukas 23:33), dat Hy uit die dood opgestaan het (Psalm 16:10-11; Lukas 24:1-6), en dat Hy na sy hemelvaart die troon in die hemel bestyg het (Psalm 110:1,4; Openbaring 5:1-13). Jesus Christus is die enigste Profeet in die menslike geskiedenis wat al die profesieë wat Hy uitgespreek het, vervul het. Op hierdie manier het Jesus Christus Homself geopenbaar as die Grootste Profeet wat ooit geleef het en nog steeds leef (Deuteronomium 18:18-22; Handeling 3:22-23).

Jesus Christus het God se laaste en finale Woord aan mense gespreek (verkondig) (Hebreërs 1:1-2). “Die geloof is éénmaal (Grieks: hapax) aan die heiliges (de gelowiges gedurende die Ou-Testamentiese en Nuwe-Testamentiese periodes) toevertrou (Grieks: paradidómi)(aoristus tyd)” (Judas 3). Die christelike geloof is maar éénmaal in die menslike geskiedenis aan mense toevertrou! Elke ander sogenaamde “profeet” wat ná Jesus Christus kom en die openbaring van God in die Ou en die Nuwe Testament verander, daaraan toevoeg of daarvan weglaat, is dus ’n valse profeet (Deuteronomium 18:15-22; Spreuke 30:6; Matteus 15:3-14; 2 Korintiërs 4:2; Openbaring 22:18-19)! Elke sogenaamde “profeet” wat openbarings of voorspellings maak wat die openbaring in die Bybel teenspreek, is skuldig aan die toevoeging aan of weglating van die Woord van God en moet verwerp word!

(2) Jesus Christus is die hoogste Priester.

Jesus Christus het alle vereistes van die Ou-Testamentiese Wet vervul. In sy menslike natuur het Hy volledig en volmaak heilig en regverdig op die aarde geleef (Johannes 8:46; Hebreërs 4:15; 7:24-28) en het Hy alleen so die vereistes van God se morele wet vervul. Hy het vir mense gesorg (Psalm 78:72), het hulle liefgehad, vir hulle gebid (Jesaja 53:12), het goed gedoen en het almal wat siek was of deur die duiwel oorweldig was, genees (Handelinge 10:38). Uiteindelik het Hy aan die kruis as ’n soenoffer vir die sondes van mense gesterf (Jesaja 53:5-6; Psalm 40:6-8; Johannes 10:11; Hebreërs 10:5-7). Jesus Christus was die Enigste priester in die menslike geskiedenis wat Homself gegee het as ’n volmaakte (sondelose) offer vir die versoening van die sondes van ander. Hy is die Enigste wat ooit uit die dood is opgestaan het (alle andere profete en priesters en stigters van godsdienste lê nog in hul grafte); Hy leef vir ewig en het dus geen opvolger nie! Ná Jesus Christus kom daar geen “profete” wat funksioneer as “mondstukke (woordvoerders)” van God by mense nie (Handelinge 3:22-23; Hebreërs 1:1) en ook geen “priesters” (Hebreërs 7:23-28) meer wat as “middellaars” tussen God en mense funksioneer nie! Op hierdie manier het Jesus Christus Hom as die Hoogste Hoëpriester wat ooit geleef het en nog steeds leef, geopenbaar (Psalm 110:4; Sagaria 6:13).

(3) Jesus Christus is die magtigste en ewige Koning.

Jesus Christus het die profesie aangaande die komende Koning (Genesis 49:10) wat deur sy koninklike heerskappy sy volk sou bevry van die mag van hul vyande en vir ewig oor hulle sou heers, vervul (1 Kronieke 17:14; Jesaja 9:7; Openbaring 1:5; 19:16). Alle gesag en mag in die hemel en op die aarde is aan Hom gegee (Matteus 28:18)! Hy het die enigste koninkryk wat nooit sal wankel nie (Hebreërs 12:28), wat alle andere koninkryke sal verbrysel (Daniël 2:44; Openbaring 17:14) en vir ewig sal bestaan, gevestig (Jesaja 9:6)! Daarom moet alle politieke, militêre en godsdienstige leiers oppas (Psalm 2)! Op hierdie manier het Jesus Christus Hom geopenbaar as die Magtigste en Ewige Koning wat ooit geleef het en nog steeds leef.

(4) Hoe die Ou Testament uitgelê moet word.

Omdat Jesus Christus by sy eerste koms gekom het om die Ou-Testamentiese openbaring te vervul, kan die Ou Testament alleen korrek uitgelê word in die helder lig van die openbaring in die Nuwe Testament!

B. (Die beste vertaling:) Christus is die einde (beëindiging) van die Wet soos godsdienstige leiers dit definieer.

1. Jesus Christus het die wettiese geloof soos deur godsdienstige mense ontwerp en uitgelê beëindig.

Die tweede moontlike vertaling is: “Die einde (die beëindiging) van die wet (in die sin van God se vereiste vir die regverdiging en ook soos die Joodse geleerdes dit uitgelê en uitgebrei het) (is) Christus, tot geregtigheid vir almal wat glo.” Die woord “telos” beteken “einde” en die woord “wet” verwys na “die wet as God se wetlike, heilige en regverdige vereiste vir die regverdiging, veral in die sin van hoe die Joodse godsdienstige leiers en leraars die wet van Moses uitgelê en uitgebrei het. Romeine 10:4 mag dan vertaal word as: “Jesus Christus is die einde (die beëindiging) van die wet as grond vir die regverdiging, sodat daar geregtigheid (verlossing, saligheid) sou wees vir elke mens wat glo.”

¹ Mense wat aanspraak gemaak het dat hulle die opvolger van Jesus Christus was is: Mohammed (569-632 n.C.) (“Mohammed, the man and his faith”, Tor Andrae, 1960) en Joseph Smith (1805-1844) (“Understanding the Cults”, Josh McDowell, Dan Stewart). Beide aanspraken is vals!

Die Joodse godsdienstige leiers en leraars het die onderhouding van die wet gemaak tot die enigste weg vir die regverdiging (verlossing). Sien byvoorbeeld wat die Jode oor “die besnydenis” geleer het (Handelinge 15:1). Jesus Christus het ’n einde aan die Joodse misvatting gemaak dat mense geregverdig kan word deur die werke van die wet. Jesus Christus is die beëindiging van alle pogings om die geregtigheid te verower deur die werke van die wet, sodat mense die geregtigheid kan ontvang deur die geloof (in Christus en sy volbragte verlossingswerk). Paulus spreek dan nie oor die doel of vervulling van die Ou-Testamentiese openbaring nie.

Moses het die wetlike vereiste van God se wet as volg beskryf: “Die mens wat hierdie dinge (die bepalings en wette van die Ou-Testamentiese openbaring) doen, sal daardeur lewe (dit wil sê, hulle sal hul staat van geregtigheid of ewige lewe daardeur handhaaf)” (Romeine 10:5; Levitikus 18:5). Slegs Adam en Eva het die moontlikheid gehad om hul staat van geregtigheid of ewige lewe te handhaaf voordat hulle in sonde geval het (Genesis 2:15-17)! Ná die sondeval kan geen enkele mens dit meer doen nie, omdat niemand die regverdige staat meer besit nie! Die enigste weg (wyse) waardeur ’n mens geregverdig sou kan word, was en is nog steeds deur die geloof in Christus en sy volbragte en volmaakte geregtigheid ter wille van en in die plek van gelowiges (Genesis 15:6; 1 Korintiërs 1:30; 2 Korintiërs 5:21)!

Maar vanaf die terugkeer uit die Babiloniese ballingskap (538 n.C.) tot die eerste koms van Jesus Christus het die Joodse godsdienstige leraars die wet van God verander in ’n godsdienst (’n religie) en het hulle die woorde: “sal daardeur lewe” in Levitikus 18:5 uitgelê as “sal daardeur geregverdig (verlos, gered, salig) word”.

Hulle het die Ou-Testamentiese openbaring begrawe onder honderde mensgemaakte wette (interpretasies en bepalings van die wet)². Hul het “geregtigheid (verlossing) deur die geloof (in wat God sê en doen)” na “geregtigheid (verlossing) deur die werke van die wet verander (wat mense sê en doen)”. Dit was nie Jesus Christus nie, maar die Joodse godsdienstige leiers wat die Oude Testament tersyde gestel het en vervang het met mensgemaakte wette (Markus 7:1-13)!

2. Die vergelyking tussen die Joodse gesigspunt en die Ou-Testamentiese onderrig.

Nie die Ou Testament, maar die Joodse godsdienstige leiers en leraars in die periode tussen die terugkeer uit die ballingskap en die eerste koms van Jesus Christus het geleer dat mense geregverdig (verlos, gered) kan word deur die werke van die wet te doen. Die Jode het duidelik die doel van God se wet verkeerd verstaan en verkeerd uitgelê.

In die Ou Testament en in die Nuwe Testament is daar hoegenaamd geen bewys dat die grond (basis) vir die regverdiging gedurende die Ou-Testamentiese periode deur die werke van die wet was nie. Daar is ook geen bewys dat hierdie grond (basis) vir die regverdiging in die Nuwe Testamentiese openbaring *vervang* is deur die geloof in die voltooide verlossingswerk van Jesus Christus nie!

Nêrens in die Ou Testament word geleer dat die wet van Moses die middel is om in God se oë geregverdig te word nie! Paulus het homself herhaaldelike beroep op die Ou Testament vir die leer van die regverdiging uit die genade van God en deur die geloof van die mens; dit maak hierdie Joodse mening onhoudbaar (bv. in Romeine 3:21-22; 4:6-8,13; 9:15-16; 10:6-8; 15:8-9; Galasiërs 3:10-11,17-22; 4:21-31)! Paulus spreek GLAD NIE oor die vervanging van die wet as die weg van verlossing gedurende die Ou-Testamentiese periode met die evangelie as die weg van verlossing gedurende die Nuwe-Testamentiese periode nie.

Paulus *vergelyk* die valse leer van die Jode aangaande die regverdiging (verlossing) deur die werke van die wet met die ware leer in die Ou en in die Nuwe Testament aangaande die regverdiging (verlossing) deur die geloof! Vanaf die ballingskap tot die eerste koms van Jesus (die periode tussen die Ou en die Nuwe Testament) het die Joodse godsdienstige leiers en leraars geleer dat die hou van die wet (in die sin van die morele, seremoniële en burgerlike wet) die weg van verlossing is. Maar die hele Ou-Testamentiese en Nuwe-Testamentiese openbaring leer dat geloof in Jesus Christus (die Messias) die enigste weg tot verlossing is! Paulus stel die ware Bybelse prinsipe van geloof teenoor die valse Joodse prinsipe van werke van die wet. Die geregtigheid van God word alleen verwerf (ontvang) deur geloof in die volbragte werk van God deur Jesus Christus.

Daarom is hierdie tweede moontlike uitleg van Romeine 10:4 waarskynlik die korrekte wat Paulus bedoel het. Paulus het gesê dat Jesus Christus die wettiese weg of benadering beëindig het. Hy het ’n einde gemaak aan die wydverbreide misverstand van die Jode dat die geregtigheid verdien moes word deur die wet van Moses te hou (veral soos die Joodse geleerdes dit uitgelê het! Paulus doen dit om baie duidelik te leer dat die geregtigheid van God:

- alleen deur Jesus Christus verwerf is
- alleen deur Jesus Christus uit genade gegee word (toegereken word en meegedeel word)
- alleen deur geloof in Jesus Christus ontvang kan word (en uitgeleef kan word).³

² 613 mensgemaakte wette: 248 gebooe en 365 verbiedinge.

³ The righteousness of Christ is imputed, imparted and implemented.